SUPER 16 NWU-PUK INTERHOËR

Toe die 22 volgepakte busse vol Affies gisteroggend by die skool wegtrek, was daar ‘n gevoel van opwinding en afwagting in die lug. Maar die oorweldigende gevoel was beslis een van dankbaarheid. Vir die geleentheid , elke Affie wat WIL saamgaan, elke onderwyser wat met positiwiteit deel in die seuns se opwinding en die afrigters en atlete wat van vroegdag af gewoeker het en hul beste gelewer het om ons almal trots te maak. Hierdie gevoel van trots en dankbaarheid het net aangehou teen die walle en op die atletiekbaan -en veld. Die ondersteuners wat ten spyte van die bloedige hitte met geesstokke omhoog gesorg het dat daar GEES was en elke atleet wat ten spyte van ‘n uitmergelende week met 2 interhoëre gewys het wat Affie-guts is. Dit is voorwaar ‘n voorreg om deel te wees van hierdie skool wat ‘n mens op dae soos gister vul met ‘n diepe dankbaarheid en trots.

Super 16 Interhoër 2019 was ‘n spanpoging duisend. Vandag het ons die vrugte gepluk van ure se harde werk deur die atlete en afrigters op die oefenveld. Elke atleet het sy beste gelewer tot voordeel van die span. Sekere atlete het hul beste vir laaste gelos en hul tye met tot 7 sekondes op die 800m verbeter.Verskeie pragprestasies is behaal, maar die rede vir die sukses was elke atleet se toewyding en wil om te presteer. Twintig atlete behaal meer as 900 en elf meer as ‘n 1000 punte op die ABSA-tabel.

Trofeë is verower vir die volgende afdelings:

- Junior Victor Ludorum: Dieter Schubert vir sy prestasie in die Diskus Seuns 0/14 met ‘n afstand van 57.28m 1200 punte op tabel
- Senior Victor Ludorum: Eckhart Potgieter vir sy prestasie in die 100m en 200m 10.33 sek (1092 punte) en 20.97 sek (1108 punte) onderskeidelik.
- Seunskompetisie

Die volgende seuns het meer as 1000 punte op die ABSA-tabel behaal:

Naam	Oud	Item	Punt
Juandre Pienaar	0/14	Spiesgooi	1075
Louw Du Preez	0/14	100m Hekkies	1010

Dieter Schubert	0/14	Diskus	1200
Werner Prinsloo	0/14	Hoogspring	1010
Lucas J v Rensburg	0/14	Verspring	1103
Marcus Gouws	0/15	800m	1038
Aflos	0/15	4 x 400m	1049
Kruger v Reenen	0/16	110m Hekkies	1120
Quewin Nortje	0/16	200m	1059
Edmund Du Plessis	0/17	800m	1162
Eckhart Potgieter	0/17	100m	1092
Eckhart Potgieter	0/17	200m	1108
Aflos	0/17	4 x 400m	1022

Die uitslae was soos volg:

1	**AFRIKAANS HOËR SEUNS**	**455**
2	**PRESTIGE COLLEGE**	**367**
3	**GARSFONTEIN**	**327**
4	**HELPMEKAAR KOLLEGE**	**326**
5	**MONUMENT HOËRSKOOL**	**303**
6	**WATERKLOOF**	**291**
7	**NELSPRUIT HOËRSKOOL**	**257**
8	**ZWARTKOP HOËRSKOOL**	**226**